Kaart en satellietkompas

"Die kern is dat die oorgrote meerderheid van die heelal blyk verlore te wees"
- William J. Broad

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die hantering van 'n kaart en satellietkompasstelsel (SKS).*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en waarbaar.

ABC: Met die aanbied van die spesialisasie word die C van die ABC hoofsaaklik aangespreek. Die handhawing van ons kultuuropdrag word sterk aangespreek. Die Verkenner se rol as verantwoordelike leier, veilige optrede en om paraat te wees word aangeleer.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Die Verkenner moet alreeds alle graadwielwerk met betrekking tot *oriëntering en navigasie* afgehandel het.		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Kaart kan verkry word vanaf die Staatsdrukkery. • By uitkoms 3 kan daar aan elke Verkenner minstens **drie** opdragte gegee word om uit te voer.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Inleiding tot SKS doen en vertroud wees met die geskiedenis en beginsels van SKS.*
2. *Vertroud wees met die werking en hantering (moets en moenies) van 'n SKS.*
3. *'n SKS-kaart kan interpreteer met betrekking tot die volgende:*
   - *3.1 Aanwysings/sleutel van die kaart.*
   - *3.2 Natuurlike en kunsmatige verskynsels.*
4. *Posisiebepaling kan doen deur middel van 'n SKS.*
5. *'n SKS in die veld kan oriënteer.*
6. *Van SKS na kaart en kaart na SKS kan werk.*
7. *Peilings en SKS-roetes kan neem.*
8. *Aan 'n nagmars deelneem en met behulp van 'n SKS 'n roete voltooi.*
9. *Aan 'n webruimte speletjie met SKS toerusting deelneem.Die inligting kan by http://www.geocacher.co.za/ verkry word. Hier moet ten minste ook 6 punte besoek word.*
10. *'n "GeoCash" vir sy Kommando reël (Sien bogenoemde webwerf)*

HOU KOERS